

18 Maart 2020

## PROTOKOLS VIR PERSONEELAANGELEENTHEDE AS 'N GEVOLG VAN DIE COVID-19-UITBREKING

### Inleiding en rigtinggewende beginsels

1. N Toenemende aantal mense in Suid-Afrika toets tans positief vir die coronavirus (COVID-19). President Cyril Ramaphosa het Sondag, 15 Maart 2020 omvattende maatreëls aangekondig om die verspreiding van die virus te beperk. Hoewel ons nasionale departement van gesondheid en ander die publiek aangeraai het om sekere voorsorgmaatreëls te tref, is daar geen spesifieke opdragte vir werkgewers wat die gesondheid en veiligheid van hul werknemers, kliënte, sakevennote en verskaffers wat dalk naby aan mekaar moet werk, moet bestuur, uitgereik nie.
2. Al het die Universiteit besluit om alle klasse op te skort, het die US in hierdie stadium nog nie sy bedrywighede heeltemal gestaak nie. Hoewel die Universiteit steeds oop is, sal dit instelling sover as moontlik probeer om die aantal personeel wat op kampus nodig is, te verminder en sal maniere om voortgaande aktiwiteite op ander maniere voort te sit, ondersoek word. Die Universiteit aanvaar dat dit sy werksaamhede op só 'n manier moet verrig om toe te laat dat sy bedrywighede steeds voortgaan, terwyl daar terselfdertyd alle redelike maatreëls moontlik getref word om die welstand en veiligheid van personeel en studente te verseker.
3. Waar dit operasioneel moontlik is, moet werknemers weg van die kampus af werk. Werknemers wat enige bestaande toestand het wat hulle kwetsbaar vir besmetting maak, moet aangemoedig word om van die huis af te werk waar operasionele vereistes dit toelaat. Indien jy toestemming kry om van die huis af te werk, moet daar om verlof tot afwesigheid op die MHB-verlofstelsel vir die Universiteit aansoek gedoen word om te verseker dat daar 'n behoorlike rekord van jou verlof is.
4. Personeel het 'n hele aantal navrae, bekommernisse en vrae geopper. Terwyl ons hoop dat hierdie protokols hierdie kwessies sal aanspreek, aanvaar ons dat dit moontlik nie alle bekommernisse sal aanspreek nie. Die onderliggende beginsel wat die Universiteit volg, is om die operasionele integriteit van die Universiteit te handhaaf, asook om die gesondheid en veiligheid van personeel te verseker en om aanpasbaar te wees namate die situasie verander. Waar hierdie protokols nie spesifieke situasies en scenario's aanspreek nie, sal die gepaste optrede vir enige personeelid wees om die saak met hul lynbestuurder op te neem, wat dit dan weer na Menslike Hulpbronne (MHB) sal verwys.
5. Let asb daarop dat die maatreëls wat in hierdie dokument uiteengesit word, onderhewig is aan verandering soos die situasie ontvou.
6. Hieronder volg 'n uiteensetting van verskeie scenario's en die protokol daarvoor in tabelvorm. Ons probeer om dit sover as moontlik in 'n maklik-leesbare manier aan te bied. Ons herhaal dat indien enigiets onduidelik is, jy dit met jou lynbestuurder of MHB-praktisyn verantwoordelik vir jou afdeling sal opneem. Jy kan ook jou vrae aan die Kliëntedienssentrum stuur by [sun-e-hr@sun.ac.za](mailto:sun-e-hr@sun.ac.za). MHB sal van tyd tot tyd bykomende kennisgewings uitstuur om die implementering van hierdie protokols uit te klaar.

	VRAAG / SCENARIO	PROTOKOL
A	Die Universiteit se status	

1.	Wat is die Universiteit se stand op die oomblik. Is dit gesluit?	Soos vanaf 17 Maart 2020 bly die Universiteit oop. Terwyl die Universiteit besluit het om alle kontakklasse op te skort, gaan sy akademiese en ander aktiwiteite voort.
2.	Wat beteken dit vir werknemers?	Dit beteken werknemers moet vir werk aanmeld. Werknemers moet steeds hul funksies verrig, ofskoon reëlings getref kan word oor hoe hierdie funksies uitgevoer word. Verdere inligting word hieronder verskaf.
3.	Kan ek besluit om nie vir werk aan te meld nie omdat ek bang is dat my risiko van besmetting hoër is in my werkplek?	Nee, werknemers kan nie eenvoudig net van die werk af wegbly nie. Hulle moet die een of ander vorm van verlof aanvra. Behalwe in die geval van jaarlikse verlof, sal hulle soos gewoonlik bewys moet lewer van enige ander geleentheid waarop hulle staatmaak om die verlof te neem – soos byvoorbeeld siekteverlof of deernisverlof.
<b>B Siekteverlof</b>		
4.	Wanneer is ek op siekteverlof geregtig?	'n Werknemer kan siekteverlof neem indien hy of sy die virus opgedoen het. 'n Siektesertifikaat van jou dokter wat die tydperk van afwesigheid aandui, word vereis. Dit is baie belangrik dat wanneer die werknemer na die werk wil terugkeer, die geneesheer sal moet sertifiseer dat die werknemer die virus opgedoen het, maar nou geskik is om na die werkplek terug te keer nadat nog 'n toets deur die geneesheer gedoen is.
5.	Wat gebeur indien ek geen siekteverlof meer oor het of nie genoeg siekteverlof het nie?	Indien jy bewys kan lewer dat jy die virus opgedoen het, sal die Universiteit jou toelaat om siekteverlof te neem. Dit sal van jou volgende siklus siekteverlof verhaal word.
6.	Kan ek siekteverlof neem om 'n lewensmaat of kind of familielid wat die virus opgedoen het, te versorg?	Nee, jy word nie toegelaat om siekteverlof te neem indien jy nie siek is nie. In sulke gevalle moet jy aandui dat jy deernisverlof neem. Jy word toegelaat om 'n maksimum van 23 dae oor 'n tydperk van drie jaar te neem, met 'n maksimum van 17 dae per jaar. <b>Let wel:</b> Vanaf 18 Maart 2020 kwalifiseer alle werknemers vir 17 dae deernisverlof, ongeag hoeveel dae hulle reeds voor hierdie datum gebruik het.
7.	Wat gebeur indien ek myself in afsondering moet plaas weens kommer dat ek die virus kon opgedoen het of blootgestel was aan 'n derde party wat die virus opgedoen het?	In hierdie geval sal jy moet aandui of jy van die huis af kan werk. Indien jy dit kan doen, sal jy 'n versoek vir verlof tot afwesigheid op die MHB-stelsel moet registreer. Indien jy nie van die huis af kan werk nie weens die aard van jou werk of omstandighede tuis, sal jy aansoek om verlof tot afwesigheid moet

		doen en moet aandui dat dit vir selfafsondering is. Let asb daarop dat enige werknemer wat afgesonder word, die goedkeuring van 'n geneesheer sal moet kry wat verklaar dat die werknemer geskik is om na die werkplek terug te keer ná die afsondering alvorens die werknemer na die werk kan terugkeer.
<b>C</b>	<b>Buigsame werkreëlins</b>	
8.	Het die Universiteit spesiale buigsame werkreëlins as gevolg van hierdie uitbreking?	Ja. Daar is buigsame werkreëlins. Indien jy jouself moet afsonder of 'n kind, lewensmaat of familielid moet versorg wat besmet is of in selfafsondering is, sal daar bepaal word of jy van die huis af kan werk. Indien dit die geval is, sal jy die verlof tot afwesigheid op die MHB-stelsel moet vaslê. Jy lynbestuurder moet hierdie verlof goedkeur.
9.	Kan ek kies om van die huis af te werk omdat ek bang is om met te veel mense by die werk in aanraking te kom?	Waar dit operasioneel moontlik is om van die huis af te werk, sal werknemers toegelaat word om dit met die nodige toestemming te doen en moet verlof tot afwesigheid op die MHB-stelsel vasgelê word. 'n Behoorlike bepaling sal van jou werksaktiwiteite en jou risiko van blootstelling aan ander gedoen word. Hou asb in gedagte dat daar van jou verwag word om vir werk aan te meld en dit is nie 'n opsie om eenvoudig net tuis te bly en self te kies om van die huis af te werk nie. Dit moet deur jou lynbestuurder goedgekeur word.
10.	Wat gebeur indien ek van die huis af moet werk, maar ek nie kan nie omdat ek byvoorbeeld nie internettoegang of genoegsame data tuis het nie?	Dit maak deel uit van die beoordeling of jy wel van die huis af kan werk. Waar redelik, sal die US help om jou opgestel te kry om van die huis af te werk. Waar dit egter nie moontlik is nie omdat dit te duur is of daar ander tegniese of operasionele probleme is, sal jy ongeskik verklaar word om van die huis af te werk. Indien daar steeds van jou verwag word om tuis te bly, sal dit van óf jou jaarlikse verlof óf jou deernis verlof (afhangende wat van toepassing is) verhaal word.
<b>D</b>	<b>Toetsing</b>	
11.	Wat is NIOS se huidige toetsprotokol vir COVID-19?	Toetsing word in die volgende omstandighede vereis: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy moet ten minste een van die volgende simptome toon: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Koors of geskiedenis van koors (<math>\geq 38^\circ</math>)</li> <li>○ Hoes</li> <li>○ Keelseer</li> </ul> </li> </ul>

		<ul style="list-style-type: none"> <li>○ Kortasem</li> </ul> <p><b>EN</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vir die 14 dae voor die simptome begin het, moet ten minste een van die volgende kriteria geld: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Die persoon moes naby 'n bevestigde of moontlike geval van die SARS Co-V-2-besmetting gewees het; OF</li> <li>○ Na plekke gereis het waar plaaslike oordrag van SARS Co-V-2 voorgekom het (raadpleeg NIOS vir jongste inligting); OF</li> <li>○ In 'n gesondheidsorgfasiliteit waar pasiënte met SARS Co-V-2 behandel is, gewerk of besoek afgelê het.</li> </ul> </li> </ul>
12.	Wie dra die koste van die toetsing?	Discovery Siekefonds sowel as MediHelp het aangedui dat hulle die koste van toetsing as bykomende voordeel of uit jou spaarrekening sal dek.
<b>E</b>	<b>Blootstelling</b>	
13.	Wat gebeur indien ek uitvind 'n kollega of student met wie ek in aanraking was, het die virus opgedoen of is in afsondering?	In hierdie geval word daar van jou verwag om dit so gou as moontlik aan jou lynbestuurder bekend te maak. Die inligting sal na MHB deurgegee word. Jy sal gevra word om die werkplek onmiddellik te verlaat en jouself af te sonder vir die aanbevole aantal dae. In hierdie geval sal jou afwesige dae as verlof tot afwesigheid as gevolg van selfafsondering beskou word.
<b>F</b>	<b>Reis</b>	
14.	Sal ek toegelaat word om vir aktiwiteite wat met die US verband hou, te reis?	Nee. Die Universiteit het 'n tydelike verbod op alle US-verwante reisreëlings geplaas.
15.	Wat daarvan indien ek beplan om vir private redes te reis?	Sou jy in hierdie geval óf by aankoms by jou bestemming óf by jou terugkoms in afsondering geplaas word, en indien die aantal dae meer is as die verloftydperk wat jy geneem het, sal jy bykomende jaarlikse verlof moet neem. Die rede hiervoor is omdat jy dit op jouself geneem het om in 'n tyd waar daar 'n hoë risiko van besmetting bestaan, te reis – hetsy by jou gekose bestemming of deur middel van plekke soos lughawens.
<b>G Onmiddellike gesondheids- en veiligheidsmaatreëls</b>		

16.	Wat doen die US in hierdie stadium?	Die US tref die maatreëls soos aangedui in hierdie dokument. Die Universiteit sal ook 'n aantal bykomende veiligheidsmaatreëls instel, soos die beskikbaarstelling van ontsmettingsmiddels en handreinigers, die opvoeding van mense oor persoonlike higiëne en deur die aantal kontakgeleenthede tussen personeel en studente te verminder.
-----	-------------------------------------	--

*Ebrahiem Abrahams*: waarnemende Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en voorsitter van die MHB  
Sakevoortsetting-subkomitee